HOËRSKOOL RANDBURG

AKADEMIE • SPORT • KULTUUR

SPESIFIEKE OUEROMSENDBRIEF NO 28 VAN 2019

10 Julie 2019

Beste Koorouer / -voog,

Welkom terug in die Derde Kwartaal.

1. **Snoepie**
   Ek verneem graag of daar enige ouer/ouers is wat belangstel om die koorsnoepie op Dinsdagaande te behartig. Laat weet my asseblief so gou as moontlik.

2. **Derde Kwartaal**
   ** Daar is elke Dinsdagaand kooroefening.

   Belangrike koordatums

   1. **Eerskomende Sondag, 14 Julie**
      Die koor tree by Weltevredenpark NG Gemeente op, by altwee oggenddienste.
      Jammer om dit aan die koorouers en koorlede te doen, maar ons sal **Sondagoggend 07:00** moet begin opwarm, aangesien daar nie op 9 Julie 'n kooroefening kon wees nie. (Franco was nog op pad terug van Venesië, nadat 'n trein wat vier ure vertraag was, hulle vlugplanne gekelder het). Koorlede moet asseblief stiptelik om 07:00 in die lekker warm Kapel wees (net regs van die ingang na die kerk toe), netjies in koordrag, met skoolbaadjies.
      Ouers word vriendelik uitgenooi om die 08:00 diens by te woon. Die koorlede word tussen die twee dienste met verversings getrakteer en tree dan weer aan die begin van die tweede diens op, waarna die koor verskoon sal word.
      Ouers kan koorlede van 10:20 af by die kerk oplaai.
      Adres: Corneliusstraat, Weltevredenpark, Roodepoort.

   2. **Dinsdagaand, 13 Augustus**
      Koorfees by Weltevredenpark, NG Gemeente. Inligting volg binnekort.

   3. **Saterdagaand, 17 Augustus**
      Koor se Galakonsert. Inligting volg binnekort.

   4. **Dinsdagaand, 20 Augustus**
      Koorprysuitdeling, - afsluiting en aankondiging van 2020 leiers.

   5. **Baie belangrik**
      Die 2019-koor neem op Saterdagaand, 12 Oktober aan die (KykNet) Sing in Harmonie-finaal deel, te Gold Reef City. Busvervoer soontoe en terug sal gereël word. Alle 2019-koorlede moet asseblief daardie aand teenwoordig wees, aangesien dieselfde koor wat deurgedring het na die finaal, aan die finaal moet deelneem. Inligting volg nader aan die tyd.

   Ander datums

02 tot 05 September: Oudisies vir 2020-koor
09 tot 12 September: Oudisies vir 2020-koor
19 September: Aankondiging van die 2020-koor

Skool sluit 20 September

3. **Kwartaal 4**

08 Oktober:	17:30:	2020-koor begin oefen.
	20:00 tot 20:30:	Ouerinligtingaand vir nuwe koorouers.
27 tot 29 November:		Verpligte oefenkamp (Heron Bridge)

Indien daar enige navrae is, kan u gerus vir my 'n e-pos, sms of *WhatsApp* stuur.

Vriendelike groete.

Elsa Nel: Organiseerder
dutoitelsa@gmail.com of 083 271 7234

Mnr P Booysen: Hoof